

DIE REBELLIE-DAGBOEK VAN JANSIE JOOSTE

Inleiding

Hierdie dagboek is aan die redaksie van *Historia* aangebied vir publikasie deur bemiddeling van dr. F. J. Potgieter van die Universiteit van Pretoria. Mev. Sarie Jooste, geb. Lemmer, van Jubileumgebou, Skinnerstraat, Pretoria, het aan my op 8.6.66 enkele besonderhede in verband met haar oorlede eggenoot, die skrywer van die dagboek, meegedeel. Jansen Jooste is op 21 Maart 1886 in die distrik Boshof gebore. Met sy huwelik in 1913 was hy as amptenaar op Roodepoort werksaam, waar die egpaar nog vir die daaropvolgende vyftien maande gewoon het. Daarna het hulle gaan boer op die plaas Susara, gedeelte van die plaas Renosterput, distrik Lichtenburg, wat mev. Jooste van haar moeder geërf het. Hy is op 21 Januarie 1956 aldaar oorlede en op die plaas Renosterput begrawe.

Die dagboek is op velle papier sewe by elf duim geskryf wat bo aan mekaar geklamp is met ysterkramme, 69 in geheel, waarvan egter net die eerste 28 beskryf is. Dit is redelik oud van voorkoms en hier en daar bruin bevlek, waarskynlik deur 'n vloeistof wat daar op gekom het. Die watermerk op die papier bestaan slegs uit ewewydige strepe, een duim uit mekaar, wat in die lengte van die papier afloop.

Dit is 'n afskrif van die oorspronklike dagboek wat op kommando bygehou is en wat tot dusver nog nie opgespoor is nie. Volgens dr. Potgieter is die oorspronklike 'n aantal jare gelede uitgeleen aan iemand wat ook nie opgespoor kan word nie. Of die oorspronklike dagboek, soos op kommando bygehou, minder of meer uitvoerig was as die afskrif, is nie uit te maak nie. Wanneer die afskrif gemaak is, is ook nie vas te stel nie, waarskynlik taamlik lank gelede, as mens na die voorkoms van die papier en die skrif, verbleik maar tog nog goed leesbaar, moet oordeel. Dit kon egter nie vroeër as 1917 gebeur het nie. Onder datum 25 November staan die volgende inskrywing: „Tussen hakkies. Die ou perd is in Duits-west verkoop aan die Duitsers en na die Rebelle koop Cassie weer die perd op Lichtenburg by een Jood. En Genl. Kemp het hem ook weer gery toe hy zyn eerste Vergadering op Korannafontein kom hou het na hy amnestie gekry het. En Ou Kok is vandag nou by Cassie waar hy genade brood kry op sy ou dage.” Genl. Kemp is in 1916 vrygelaat en het in 1917 sy eerste vergadering in Lichtenburg se distrik gehou. Cassie Groenewald, van wie hier sprake is, is in 1927 oorlede. Dus moes die afskrif tussen die jare 1917 en 1927 gemaak gewees het.

Die taal waarin dit geskryf is, wek ook die vermoede dat dit uit 'n tyd dateer toe die Afrikaanse skryftaal nog nie vaste vorm aangeneem het nie, d.w.s. indien die afskrywer aan die taal en spelling verander het. Dit is natuurlik ook bes moontlik dat dit letterlik afgeskryf is soos dit oorspronklik tydens die Rebelle opgeteken is. Die handskrif is goed leesbaar hoewel die ink verbleik is. Volgens mev. Jooste is die afskrif deur die

dagboekskrywer self gemaak (uit die trant van die verhaal is dit ook af te lei) en dit nie te lank na die Rebelle nie.

Interessant is die volgende brief wat tussen die bladsye van die dagboek bewaar is:



Mnr. Jansie Jooste, skrywer van meegaande Dagboek.

Het Fort, 8 December 1915.

Weled Heer,

Jansen Joosten,

pk. Vermaas Statie.

Weled Heer — Mij wordt meegedeeld, dat U in 't bezit is van nauwkeurige aantekeningen betreffende de trek naar D.Z.W. Het zou mij zeer aangenaam en voor onze zaak goed zijn, als U die aantekeningen beschikbaar wilde stellen voor ons officieel boek over de opstand, dat zal worden gepubliceerd, zou gauw de tijd er voor angebroken is. Ik versoek U dus vriendelik die aantekeningen zorgvuldig te bewaren en niet aan anderen te geven, óf ze op te sturen aan mijn adres: p.k. Memel, via Ingogo, Natal. Gelieve dit schrijven als vertrouwelik aan te merken.

Bij voorbaat dankend,

Uw dw. dn. en vriend,

Genl. C. R. de Wet.

Dié brief is eiehandig deur genl. De Wet onderteken, maar dis nie in sy handskrif geskryf nie. Hier is dus sprake van „nauwkeurige aantekeninge” en kan mens daaruit aflei dat die afskrif, soos dit hier gepubliseer word, ’n verwerking van die aantekeninge is, maar seker is dit ook nie. Blykbaar is die oorspronklike nooit aan genl. De Wet gestuur nie en het van die plan om ’n „offisieel boek over de opstand” te skryf, ook niks gekom nie.

Die grootste gedeelte van die dagboek handel oor die tog van genl. Kemp met 600 manskappe van Wes-Transvaal na Duits Suidwes-Afrika, seker een van die merkwaardigste prestasies in ons geskiedenis. Genl. Kemp skryf daarvan: „Die swaarste tog wat ek ooit gemaak het, was hierdie tog met 600 vrywilligers, vier weke lank, dwarsdeur seshonderd myl woestyn en tienduisende vyande” (*Die pad van die veroweraar*, p. 360). Naas die beskrywing wat genl. Kemp self van die tog gee, is hierdie verslag daarvan deur Jooste die volledigste my bekend. Ek het dit stap vir stap met die van Kemp vergelyk, soos die talryke voetnote wel sal aandui. In die meeste gevalle word sy gegewens deur dié van Kemp bevestig.

Die dagboek eindig ongelukkig skielik met 17 Desember 1914, om welke rede is nie uit te maak nie. Waarskynlik is dit net tot daar oorgeskryf en het de persoon wat die skryfwerk gedoen het om een of ander rede nooit weer daartoe gekom om dit voort te sit nie. Die oorspronklike dagboek het heelwaarskynlik die verdere ervarings van die skrywer ook bevat. Die skrywer het, na dit voorkom, die verdere lotgevallen van genl. Kemp se kommando ook meegemaak, nl. die oortog oor die Oranjerivier, die aanval op Nous, die besluit om terug te keer na Transvaal en ten slotte die aanval op Upington waarna die hele kommando van Kemp en Maritz op 2 tot 3 Februarie 1915 oorgegee het. Mev. Jooste vertel dat haar eggenoot ook in Kimberley as krygsgevangene aangehou is en dat hy en sy vriend Cassie Groenewald saam vrygelaat is. Na sewe maande het sy hom vir die eerste keer weer gesien toe hy op weg huis toe op Vermaas-stasie aangekom het.

Die kaart van die roete wat hierby verskyn, maak geen aanspraak op absolute noukeurigheid nie. Ek het die ligging van die plase wat in die dagboek genoem word, nagegaan op die topo-kadastrale reeks kaarte „1 : 250,000 Suid-Afrika” van die distrikte Vryburg, Christiana, Kuruman, Postmasburg, Upington en nog een van Suidwes-Afrika, opgestel deur die Driehoeksmetingkantoor en gedruk deur die Staatsdrukker. Volgens hierdie kaart het ek die betrokke plekke op ’n selfgemaakte kleiner kaart aangebring en die waarskynlike trekroete daarop afgetrek. Dit kan vergelyk word met die kaart wat genl. Kemp in sy boek *Die pad van die veroweraar* gee.

Om meer besonderhede te bekom, het ek die belangrikste lektuur oor die Rebelle geraadpleeg, nl. Kemp, J. C. G., *Die pad van die veroweraar*, Kaapstad, 1946; Maritz, S. G., *My lewe en strewes*, Johannesburg, 1939; Oost, H., *Wie is die skuldiges?*, Johannesburg, 1958; Scholtz, G. D., *Die rebellie, 1914-1915*, Johannesburg, 1942; verder ’n artikelreeks van M. C. E.

van Schoor, *Die rebellie*, in *Die Huisgenoot*, 7.8.1964 e.v., en *Herinneringe van P. C. W. Roets* deur N. A. Coetzee, opgeneem in *Historia*, negende jaargang, no. 2. Origens het ek gekorrespondeer en/of onderhoude gevoer met die volgende persone wat as rebelle in die gebeurtenisse betrokke was: mnr. P. L. Botha, Baileystraat 68, Randgate; mnr. Izak van Zyl, Pleinstraat 108, Utrecht, wat my 'n dagboek wat hy indertyd gehou het, ter insae gestuur het; mnr. Boy Mussman, Ellen Carterweg 23, Hadisonpark, Kimberley. Aan genoemde persone my innige dank.

Die dagboek word onveranderd weergegee. Met die oorskrywe het hier en daar verskrywings plaasgevind en deurgehaalde woorde kom heelwat voor. Hoewel dit eintlik onbenullig is, het ek tog, ter wille van noukeurigheid, telkens in die voetnote daarop gewys. Ook is daar hier en daar later met 'n potlood bygeskryf, blykbaar in dieselfde handskrif. Ook hierop word in voetnote gewys. Ter wille van navorsers wat die oorspronklike handskrif wil raadpleeg, word meegedeel dat dit aan die Transvaalse Argief vir veilige bewaring oorgedra sal word.

TEKS

Met Genl. Kemp naar Duits West. Dag Boek van Jansie Jooste

(Kaptein van Genl. Kemp se Rapport Ryders, en later behoorde ik aan zyn Staff.)

Vrydag middag 23ste Oct 1914. omtrent 5 uur, kom daar een kar aangery na my huis. Toe die mense afklip (sic) toe sien ik dat dit Komd. Wolmarans,¹ Genl. Kemp,² zyn Sek. Bodenstien³ en Cassie Groenewald⁴ is. Die laatste het die Genl. van zy huis gaan weg bring naar Komd. Wolmarans.

Na dat ons mekaar gegroet het gaan ons op stoep zit, my vrou bring koffie en ons gezels. Ik hoor toe van Genl. Kemp dat hy van Koppies se vergadering kom,⁵ (amper nie gekom want hulle wou hom vang maar kon dit nie reg kry.) En hy kom my toe vraag om met Rapporten naar

1. Kommandant F. G. A. (Frikkie) Wolmarans, van die plaas Wesselsdal, Lichtenburg. Hy is in die loop van Desember 1914 gevang. (Oost, 313; Scholtz, 282). Daar was ook 'n kommandant J. M. A. (Koos) Wolmarans. (Oost, 210).
2. Jan Christoffel Greyling Kemp, geb. 10.6.1872 in die distrik Wakkerstroom, onderwyser, klerk van mynkommissaris; gedurende die Tweede Vryheidsoorlog klim hy van gewone burger tot die rang van generaal (1901) en behaal roemryke oorsprongings. Na die oorlog gaan hy boer in Piet Retief se distrik; sluit in 1912 by die Unie-Verdedigingsmag aan; bedank in 1914 om deel te neem aan die Rebellie; lê na die geveg te Upington die wapens neer; in 1916 uit die gevangenis ontslaan; word 1920 lid van Volksraad; 1924 minister van Landbou; 1936 van Lande; volg genl. Hertzog in 1939 en word weer gewone lid van die Volksraad. Oorlede 31.12.1946.
3. J. C. Bodenstien (Kemp, 270). Volgens P. L. Botha was hy genl. Kemp se swaer.
4. Cassie Groenewald, neef van die skrywer. Hulle ma's was susters. Woonagtig op Renosterput, Lichtenburg. Oorlede 1927. (Mev. S. Groenewald, Jubileumbou, Pretoria).
5. Hierdie vergadering is op 22 Oktober 1914 gehou. 'n Beskrywing daarvan is te vind by Kemp, 261 en Scholtz, 166-168.

genl. Beyers⁶ te gaan, die naby Krugersdorp in die Magaliesberg, met zy Kommando toe was. Nadat ik toe van die Genl. alles gehoor het (en) hy my vrouwe ze toestemming gekry het, besluit ik om te gaan. Nadat die Genl. my toe die Rapport gegee het, gaan Cassie hulle weg bring naar die plaas van Komd. Wolmarans. Genl. Kemp stel my aan als Kaptein van die Rapport Ryders. Ik maak haastig klaar my moter (een nieuwe 2 cylinder Bradburg 3 weken oud) olie te gee en reg te maak. Nadat alles gereed was gaan ons slaap.

Zaterdag, die 24ste. Kort voor zon op vertrek ik naar Genl. Beyers. Omtrent 9 uur kom ik op Potchefstroom by my zwaar ze huis P. J. Zinn.⁷ Ik vra toe ver hem hoekom is daar zoo banja kaakies in die dorp, want toe ik gekom het was daar e menigte net waar jy kyk. Maar hy kon my nie heelemaal die rede zeg. Nadat my zuster my heerlik laat eet het, vertel ik hulle dat ik naar die Rand gaan en hulle later zal zeg⁸ wat ik daar gaan maak het, als ik terug kom. Ik spring toe maar weer op die moter en gaan maar vinnig deur die dorp en anderkant uit.

Toe ik Krugersdorp deur kom zien ik net Kaakies, en om 1 uur en 10 minute toe my Ouders net besig was met middag ete, kom ik daar in gestap, nadat ik my moter eers gaan weg zit het in die buite kamer. Toe ons klaar geeet het roep ik my Vader en Moeder in een kamer en vertel hulle toe dat ik met Rapporten naar Genl. Beyers vaar, maar dat ik by Roodepoort ze predikant Meneer Naude,⁹ moet kom hoor waar ik Genl. Beyers zal kry. My vader Meneer C. H. Jooste zeg my toe dat ik moet gauw maak, want die Voorbereiding dienst zal half drie begint. Dit begint toe reent, maar ik gaan toe dadelik naar Ds. Naude ze huis. Nadat die Ds. zeker gemaak het, dat ik die regte persoon was vertel hy my toe alles en beduie my die pad. Ons besluit toe dat ik my broer zal zaam neem want die Ds. wou ook graag weet wat gaande was, en my broer zou dan die Rapport weer terug bring. Ik gaan toe huis toe vertel my broer van die plan, nadat ons weer gegroet het gaan ons dadelik ons moters haal en ry, dit reent toe nog altoos. Ons pad is toe deur Krugersdorp over Hekpoort.¹⁰ Hier moes ons by wachte verby gaan, hulle is die kant

6. Christiaan Frederik Beyers, geb. 23.9.1869, distrik Stellenbosch, kom in 1889 na Transvaal as prokureur, het 'n roemryke loopbaan tydens die Tweede Vryheidsoorlog en word in September 1900 tot assistent-kommandant-generaal bevorder. Hy word in 1907 aangestel as voorsitter van die Transvaalse Wetgewende Vergadering en in 1910 as speaker van die Unie-volksraad. In 1912 word hy aangestel as kommandant-generaal van die Unie van Suid-Afrika, 'n betrekking wat hy in September 1914 neerlê as protes teen die regering se beleid. Hy het daarna 'n aandeel in die Rebelle en vind sy dood in die Vaalrivier op 8.12.1914. (G. D. Scholtz, *Christiaan Frederik Beyers*, Johannesburg, 1941).

7. Mev. Zinn was 'n suster van die skrywer. (Mev. S. Jooste).

8. Tussen hulle en later eers wel geskryf en toe deurgehaal en na zal eers hoor geskryf en toe deurgehaal.

9. Ds. J. F. Naude was die tweede predikant van die N.H. of G.-gemeente, Roodepoort, wat in 1905 van Krugersdorp afgestig het, maar die eerste aantal jare deur die konsulent bearbei is. (Ons Kerk Album, 248).

10. Hekpoort is die bekende plaas ten weste van Pretoria, bekend uit die vroeë geskiedenis van Transvaal as die plek waar op 9 Februarie 1849 'n volksvergadering gehou is om eenheid te bewerkstellig.

die spruit en Genl. Beyers is anderkant. Hoe nou gemaak want hullie zal ons zeker stop en ons moet gaan. Gelukkig die Ds. het my van alles af gezeg. Die Polici statie was onder aan een lang bult. Toe ons nou boven was, toe zeg ik aan my broer. Ons moet die Engige stop en laat die moter zelf afloop. Ons doen toe dit en gaan stilletjie die berg af, die laaste 500 tree zit¹¹ ons die Engine aan die loop, en gaan toe zoo vinnig als een pyl daar by die Police Statie verby. Ons zien hullie kom uit met Kaarte in die hand zonder geweurs. Voor dat hullie kon geweurs gaan haal, was ons die draai om en in die bos en over die Spruit. Toe begint ons moeilikheid, ons zoek naar een zekere voetpad om die berg uit tekom.

By al die huise wat ons kom neem die vrouwens ons vir spionne, en wil ons niks vertel, hullie mans is toe al almal weg en by Genl. Beyers.

Toe dit amper donker was vertel een vrouw ons, die pad nadat ik haar die Rapport moes wys, die Genl. Kemp my gegee het. Ons steek toe ons lampe aan en begint die Magaliesberg te klim.

Omtrent half pad op kry ons een Moter kar¹² en verneem toe dat dit President Steyn se zoon¹³ was die ook met Rap. van Genl. De Wet¹⁴ naar Genl. Beyers kwam. Die berg begint toe steil word zoodat my broer se moter nie meer wou loop. Ons zit zy moter daar neer tussen e paar groot klippe en hy klim toe achter op by my, net toe ons amper bovenop was riep een uit Halt! Ons klim toe af en vraag wie dit was, en ons hoor toe dat dit die Brandwag was van die Genl. Ik zeg toe aan hullie wie ik was en dat ik met Rapporten kwam. Hullie stuur toe eers een terug te paard naar die Genl. en ons moes maar wag, tot dat Genl. Pienaar¹⁵ (ik denk zoo) zaam met die wach terug kom. Hy vraag my toe weer uit, en naderhand gaan ons toe¹⁶ verder, en kom toe omtrent 8 uur¹⁷ by die

11. Eers geskryf *maak* en toe deurgehaal.

12. Hierna eers geskryf *maar geen* en toe deurgehaal.

13. President Steyn se seun, Colin, is nadelik na genl. Beyers gestuur met 'n uitnodiging om hom, die president, te kom spreek op sy plaas by Bloemfontein, dit na aanleiding van 'n brief wat genl. Schalk Burger van genl. Louis Botha na president Steyn gebring het. Colin Steyn was op 24 Oktober by genl. Smuts in Pretoria en is dieselfde dag na die plaas Damhoek waar hy genl. Beyers gespreek het en die boodskap oorhandig het. Op 29 Oktober was hy weer in Pretoria om reëlings te tref vir 'n besoek van genl. Beyers aan president Steyn, maar die besoek het nooit plaasgevind nie. (Vgl. Oost, 227-229 en 236).

14. Christiaan Rudolf de Wet, geb. 7.10.1854, tydelik woonagtig in Transvaal en deel geneem aan Eerste Vryheidsoorlog; verhuis na die Oranje-Vrystaat en word lid van die Volksraad. Sy roemryke prestasies gedurende die Tweede Vryheidsoorlog, is algemeen bekend. Hy word in 1907 minister van Landbou van die Oranjerivier Kolonie maar trek hom in privaat lewe terug na 1910. Hy word die leier van die Rebelle in die Vrystaat maar is ten slotte in Betsjoeanaland gevange geneem; in 1915 weer in vryheid gestel. Oorlede 3.2.1922.

15. Johannes Jacobus (Jack) Pienaar, geb. 16.4.1877 te Ladybrand, verhuis later na Transvaal. Gedurende Tweede Vryheidsoorlog bevorder tot kommandant. Tree 1904 tot die staatsdiens toe. Na 'n militêre opleiding word hy in 1912 dist.-stafoffisier in bevel van Oos-Transvaal en Natal. Hy bedank in 1914 en neem deel aan die Rebelle. Op Damhoek word hy deur genl. Beyers tot generaal bevorder en in bevel van die kommando aldaar geplaas. Later gevange geneem. L.V. vir Mariko, 1924-1933; daarna administrateur van Transvaal. Oorlede Maart 1966.

16. Hier eers *terug* geskryf en toe weer deurgehaal.

17. Hier eers *naderhand* geskryf en toe deurgehaal en omtrent 8 uur daarbo geskryf.

Laager van Genl. Beyers. Die Genl. het ons hartelik (sic) ontvang, kos en koffie gegee, zoolang als 3 ander Rapport Ryders hullie Rapporte gegee het, toe kom ik aan die beurt en gee toe myne. Die inhoud van my Rapport was, dat Genl. Kemp Genl. Beyers zou ontmoet op een plaats genaamd Leliefontein in Dist. Rustenburg op Dinsdag die 27ste Oct. Genl. Beyers was banja bly oor die Rapport en ook wat ik aan hem kon vertel hoe dat dit in Dist. Lichtenburg gaan en hoe die gevoelens aldaar was. Na ons toe weer die Lager verzit het gaan ons slaap, die Genl. leen nog ver my en my broer een van zy Kombaarsee. Die nag gaan dit weer aan reent, en die gevolg was dat toe ons die ander dag morre wakker word ik een leelike verkoude had.


Zondag, 25ste Oct. Ik gaan vroeg weg met Rapport terug naar Genl. Kemp in Dist. Lichtenburg. My broer gaan terug naar Roodepoort met Rapport aan Ds. Naude. Ik gaan tussen die berge deur tot ik naby¹⁸ Rustenburg kom. Hier moes ik my Moter deur een Rivier stoot tot half lyf diep. Toe ik weer ry kry ik banja boere langs die pad, ik vraag toe aan hullie wat is aan die gang. Een oude man vertelde my toe, dat hullie ook nie weet, maar dat hullie naar Rustenburg gaan. Hy zeide ik is gekommandeerd deur Genl. Botha¹⁹ en die ou vriend daar (hy wys toe naar een ander man) die is gekommandeerd deur Genl. Beyers om morgen om 10 uur op Rustenburg te wees. Ik wis natuurlik van alles af. Vandaar kwam ik op Olifants nek naby Rustenburg en ook naby aan die plaats van die Heer Piet Grobbelaar.²⁰ Hier ontmoete ik toen 4 man in Kaakie uniforms die my stopte, myn zakken, zelfs myn schoenen deur soek, en nadat ik hun vertelde dat ik maar naar Krugersdorp ging my weer loste. Gelukkig my Rapport het ik banja goed weggesteek.²¹ Omtrent 10 uur kwam ik by Meneer Piet Grobbelaar aan, en gaf hem toen myn Rapport van Genl. Beyers, dat hy diezelfde nag met e paar burgers die Genl. moes ontmoet op die berg. Die Genl. zou die ander dag Maandag die burgers toe spreek op Rustenburg, en hullie zeg om een kan(t) toe te staan die wat zaam met hom gaan en die ander een kant toe die zaam met Genl. Botha gaan. Ongelukkig geloof ik kon hy dit nie doen want diezelfde nach werd hy aangeval deur Genl. Botha.

18. Eers op geskryf en toe deurgehaal en naby daarbo geskryf.

19. Louis Botha, geb. 27.9.1862 in distrik Greytown. Verhuis na Transvaal, lid van Volksraad vir Vryheid. Tydens Tweede Vryheidsoorlog word hy kommandant-generaal en behaal veel roem. Word 1907 premier van Transvaal en in 1910 van die Unie van Suid-Afrika. Dit is teen sy bewind dat die Rebelle plaasvind; persoonlik lei hy die veldtog teen Suidwes-Afrika. Oorlede 27.8.1919.

20. Waarskynlik Piet Grobler van die plaas Commissiedrift, Rustenburg. P. G. W. Grobler, 1873-1942, seun van susterskind van president Paul Kruger; word in 1898 ondersekretaris van Buitelandse Sake van die Suid-Afrikaanse Republiek; word 1910 L.V. vir Rustenburg; neem 1914 deel aan die Rebelle en beland vir twee jaar in die gevangenis; word 1920 weer lid van Volksraad, 1924 minister van Lande en 1933 van Naturellesake; 1938-1939 lid van die Senaat.

21. Kemp skryf: „Maar hy het die rapport wat Beyers aan my stuur, so goed weggesteek (nl. tussen die buite- en binneband van een van die wiele van sy motorfiets) dat hulle dit nie by hom kry nie.” (270).



Genl. Kemp se Tog na Duits Suidwes-Afrika.

Mr. Grobbelaar was natuurlik ook banja bly om van Genls. Beyers en Kemp te hoor, gaf my een goede ete; en petrol (die hy eers moes gaan leen het) en ik begon weer myn pad huis toe. Omtrent 2 uur kwam ik in Ventersdorp. Hier was ook een groot Klomp Kaakies, en een wach stopte my toe weer, ik werd naar die Officier gebrachten en hy vraagde my waar ik vandaan kwam. Ik zeide van Krugersdorp maar het my pad verloor en daarom kom ik van die rigting Derby in.²² Hy bleek tamelik vriendlik, maar ik sprak alles Engels en gaf ook myn naam op als Alfred Jones. Wel hy zeide my dat het zyn plicht was om myn Kleeren deur te zoeken het was wet, en hy deed ook zoo, maar vond weer niets. My Rapport het ik altoos in die Moter weggesteek en daar het hulle nooit gekyk. Toe ik nou weer kon ry gaan²³ ik naar een neef van my Mortimer Jooste ze huis in die dorp want dit reent toe vreeslik. Ach toe ik daar kom vertel zy vrouw my maar net van die vreeslike Rebelle hoe dat hulle almaal dood maak waar hulle kom en dat Hulle klaar was om te vlug uit Ventersdorp uit. My neef vertel my dat Genl. Beyers in Waterberg gevang is, en een heele lot ander goed, en raai my ook dat ik tog nie moet verder gaan. Natuurlik zeg ik hulle nie wat my ry aangaan want hulle is S.A.P.,²⁴ maar vertel hulle maar net dat ik van my ouders af kom, en verdwaal het.

Onder tussen het die weer weer opgeklaar, en ik begint toe maar weer om te ry. Dit was een groot gesukkel want die pad was vreeslik

22. Derby is noordoos van Ventersdorp geleë.

23. Hier is eers toe geskryf en later deurgehaal.

24. S.A.P.: Suid-Afrikaanse Party, d.w.s. die regeringsparty.

nat en glei. Op Kafferskraal word dit vir my donker. Ik zoek toe naar slaapplek. Kwam by een zekere Meneer Visser. Eers zeide hy dat hy nie plek had, maar naderhand gaf hy my tog verlof om te bly. Nadie avond ete want (sic) banja lekker was vertelde ik die Heer Visser dat ons die volgende dag Maandag op Middebult²⁵ zou bymekaar kom. Want hy het my toe al vertel dat hullie opgeroep was deur Komd. Claassens.²⁶ Ik gaf hem toen zoveel informatie als ik kon en belofde hem die volgende dag weer te sien, toe gaan ons slaap, ach hoe lekker was dit want ik was banja moeg, had nu al over 300 myl afgelegd in twee dagen.

Maandag 26ste. Ik word heel vroeg wakker gemaak met een koppie koffie deur Mnr. Visser, en gaan dadelik weer weg op my pad huis toe. Omtrent 8 uur kom ik by Cassie se huis, hy was toe al weg. Nadat ik hullie gegroet het. (Ja en hullie oudste dogtertjie voor altoos want zy is later dood) kom ik by my huis weer terug van my reis omtrent half 9. Na ik geeet het moes ik maar weer dadelik weg want ik het²⁷ belof aan Gen. Kemp om als dit moegelik is Maandag om 11 uur my Rapport aan hem weer te kom terug gee. Onder die wyl reent dit nog maar altyd zoo; stadig en ik gaan weer op my pad, maar voel toe vreeslike pyne in my lyf. Om half elf kom ik op Middelbult by die huis van die Heer P. Smit (ook later geval).

Hier is toe omtrent 1500 man by mekaar, en wag om te hoor wat die Generaal te zeg het. Hy kom omtrent 10 uur daar aan, ik gaan dadelik na hem en ons gaan alleen in een kamer, zaam met Komdt. Wolmarans, en ik gee hem my Rapport van Genl. Beyers en vertel hem wat ik gezien het, en wat gebeur het.²⁸ Genl. Kemp was banja tevrede en bly. Ons gaan toe naar buite in (sic) die Genl. spreek die burgers toe en zeg hullie dat almaal moet aansluit en nie op die draad zit, want ons gaan een groot werk doen. Die eerste werk toe, was om offisiere te kies die werd behoerlik gedaan en na alles klaar was trek die heele kommando naar Hakboschlaagte.²⁹ Genl. Kemp vertrek toe met 100 man om Genl. Beyers te ontmoet³⁰ naar Steenbokfontein³¹ daar Genl. Beyers in zy Rapport die plek benoem het, want by die eerste³² was gevaar. Oom

25. Middelbult: tans Gerdau-stasie. Kemp (270) vertel ook van die byeenkoms te Middelbult.

26. Veldkornet Izak Claassen was in bevel van die skietvereniging op Lichtenburg. Hy het aanvanklik in hierdie distrik leiding gegee tot die Rebelle deur sy eerste opstandige daad te Treurfontein. Hy is deur genl. Kemp tot kommandant bevorder. Hy is later swaar gewond en het in die hande van die vyand geval. Vgl. Scholtz 185; Kemp 264, 273 en 279; ook Roets 118-119.

27. Eers moes geskryf en toe deurgehaal.

28. Kemp skryf (270) dat hy met die rapport antwoord van Beyers ontvang het „dat hy nie na Haakboschlaagte kan kom nie en dat ek hom op Steenbokfontein, distrik Rustenburg, moet ontmoet.”

29. Haakboschlaagte naby die latere Coligny. Ook Kemp (271) vertel van die vertrek na Haakboschlaagte. Sien ook Oost, 223.

30. Hier eers geskryf maar nie na Leliefontein want en toe deurgehaal.

31. Steenbokfontein naby die huidige Koster. Kemp (275-6) skryf van die lang pad, 12 uur te perd, wat hy na Steenbokfontein afgelê het en waar hy op 28 Oktober aangekom het. Oost (235) vertel ook van wat hier plaasgevind het.

32. Dit het waarskynlik betrekking op Leliefontein wat deurgehaal is.

Nicklaas Rensburg (ou Ziener)³³ gaan ook zaam met Genl. Kemp. Ik gaan weer terug naar my huis en voel banja ziek. Die nag het my vrouwtje my goed gedokter en toe ik die volgende dag wakker word voel ik weer heelemaal gezond.

27ste Dinsdag. Ik kom by die kommando op Oppaslaagte³⁴ en ons bly daar.³⁵ Hier word een van my goede maats ziek, Meneer Manie Beukes³⁶ van Wesselsfort, en ons stuur hem toe naar huis, waar hy byna aan "Enteric"³⁷ dood was. Ook Cassie word ziek maar ons dokter hem weer met Gemmer Brandewyn gezond. Hier hoor ons dat daar vyand (e paar treine vol) op Treurfontein³⁸ afgeklim het.

28ste Woensdag. Om 1 uur die nag vertrek die kommando op weg naar Treurfontein.

29ste Donderdag. Met zons opgaan kom ons op Hakboschlaagte en hier word afgezaal en gaan die boere slaap. Ik was onrustig en neem my moter, en ry naar Putfontein, in die richting wat die Generaals zou terug kom. Toe ik op Putfontein kom verneem ik van een vrouw dat hier een klompie mense afgezaal was, die ohtend maar zeg zy hier het nou een ander klomp mense gekom en die het hullie weg gejaag, en daar zeg zy jaag hullie nou, ik kyk toe en vind uit dat ik nou achter die vyand is, en hullie gaan naar die richting waar ons heele Kommando toe aan die slaap was. Ik klim toe maar vinnig op my moter en jaag by hullie verby net zoo hard als dit moegelik was, en kwam nog gelukkig in tyd om Komdt. Claassens van die vyand in kennis te kon stel. Hy laat toe dadelik opzaal en storm jaag. Die Karre moes daarbly tot later order. Ik jaag toe weer vooruit, en was gelukkig om Komdt. Wolmarans te ontmoet, hy zeg my toe dat Genl. Kemp en Genl. Beyers ook aankom, en gee my toe weer een Rapport terug naar Komd. Claassen. Toe ik teruggaan zien ik vyand aankom van die Richting van Treurfontein Stasie, en gaan toe weer terug en zeg hem dit, waarop hy toe dadelik met een klein klompie burgers naar hullie toe storm. Ik gaan weer terug naar Komd. Claassens en zeg hem dat hy dadelik moet kom, wat hy ook dadelik doen, en hier vind³⁹ toe die eerste geveg plaats. Ons Kommando storm⁴⁰ in

33. Niklaas van Rensburg, bygenaamd Siener, geb. 1862, oorlede 11.3.1926. Hy het bekendheid verwerf weens die gesigte wat hy gedurende die Tweede Vryheidsoorlog gesien het terwyl hy met die kommando van genl. de la Rey was. Ook gedurende die Rebelle het sy sienersgawe 'n besondere rol gespeel. Volgens Roets (117) was hy woonagtig op die plaas Witpoortjie, Lichtenburg en volgens B. Mussman op die plaas Rietkuil, aan die Makwassiespruit, distrik Wolmaransstad, waarskynlik op verskillende periodes van sy lewe.

34. Oppaslaagte, ten suide van Treurfontein, tans Coligny. (Scholtz 22).

35. Eers geskryf *tot die nag*, daarna deurgehaal.

36. Manie Beukes was 'n neef van die skrywer se vrou.

37. Enteric fever: maagkoors.

38. Treurfontein-stasie, tans Coligny. Oor die gebeure op Treurfontein sien Scholtz, 221-222.

39. Eers 'n ander woord, moontlik *volg* geskryf en toe deurgehaal.

40. Eers 'n ander woord, moontlik *trek*, geskryf en toe deurgehaal.

een lang ry⁴¹ en hullie die vyand kom⁴² ook in een lang ry aan. Toe ons bymekaar kom, kom daar een van hullie aan (Nolte)⁴³ en een van ons burgers gaan hem tegemoet, (ik geloof Hennie Vermaas Natreent)⁴⁴ Net toe hullie bymekaar kom val daar e paar geweerschote *van die Regter-vleugel van die vyand*, en Nolte zak in mekaar ook Hennie kry een kogel in sy hakscheen. Daarop volg toe die geveg plaats, maar dit was moeilik om te weet wie vriend en vyand was want almaal lyk die selfde. Om een voorbeeld te gee. Cassie Groenewald ry tussen die vyand in die hy meen, dat dit ons mense was met die gevolg dat hullie hem vang en ontwapen. Dit duur nie lang of ons mense kom toe aan en hullie vlug die hem gevang het, maar hullie jaag achterna en vang weer diezelfde kerels wat zy geweer gevat het, en zoo kry hy weer zy geweer en patroon band terug. Ons vang toe altezame 153 man en vat hullie gewees, patroone, en paarden, maar later toe ons mense begint terug te trek, moes ons hullie weer laat loop. Die mense die die dag geval het is als volgt:⁴⁵

Ons trek toe terug, in die rigting van Vermaas Statie, maar altyd skiet die vyand op ons, ons jaag onder hullie uit en kom op Wesselsfort die plaas van Meneer Manie Beukes net omtrent zononder. Ons zaal toe af en laat die parde water drink. Hier laat ik my moter by hem staan, en hy gee my een Hengst paard van hem een goede dier, die ik hem nog altoos voor zal dankbaar wees, net jammer my ou maat kon nie zaam gaan, want hy lig toe vreeslik ziek, en ons het hem vaarwel geze (sic) vir die laatste keer zooals ons gedag het, maar gelukkig is hy weer gezond word. Toe dit sterk⁴⁶ begint donker word zaal ons weer op en trek die heele nag deur, tot op Makowiesdoorns, waar ons tegen zonopgang kom.

30ste Vrydag. Al officier die by ons is, is Komdt. Wolmarans daar Genl. Kemp en Beyers nog nie by die Kommando kon kom. Dit maak baya boere moedeloos met die gevolg dat baya naar huis gaan. Tegen Zonsondergaan trek ons weer en gaan over die spoor by Zoihuis⁴⁷ naar Disselboompan.

31ste Zat. Terwyl die Kommando naby myn plaas voorby gaan gaan Cassie en ik naar huis, maar daar ons vyand zien aankom vertrek ons weer die selfde middag, en kom by die lager op Brakspruit. Ja toe ik my jong vrouwtjie die dag, dag ze het geen een van ons gedenk wat zal over ons kom en ver hoe lang dit zou wees.

41. Hier eers die woord *op* geskryf en toe deurgehaal.

42. Eers die woord *storm* en toe deurgehaal.

43. Volgens Scholtz (221-222) was dit „'n sekere kapt. Nolte.”

44. Daar was 'n kommandant Hennie Vermaas van die distrik Lichtenburg (Roets 117), maar of dit dieselfde persoon is as waarvan hierbo sprake is, is nie vas te stel nie. Oor die episode sien ook Oost, 238.

45. Hier is 'n ruimte ooggelaat maar die name is nooit ingeskryf nie. Volgens Kemp was daar ses gesneuweldes en 12 gewondes en volgens die regeringa-aanvoerder 13 dooies en 36 gewondes. (Oost, 238).

46. Hier is eers die woord *skemer* geskryf en toe deurgehaal.

47. Zoihuis-stasie, wes van Vermaas, oos van Sannieshof.

Iste Nov. Zondag. Omtrent 8 uur kom ons op Rietpan waar ons Generaals ons weer ontmoet. Daar dit Zondag is hou Ds. van Broekhuizen⁴⁸ vir ons een aangename dienst. Daar sluit nou weer baya mense aan, en ons trek voort naar Vleeskraal.⁴⁹

2de Maan. Hier hadden wy aanspraken door Genls. Beyers en Kemp.⁵⁰ Genl. Kemp word aangestel as Ast. Komd. Generaal, en Komdt Wolmarans als Vecht Generaal. Hier werd een Krygsraad gehoude waar besloten werd, een Kommando onder Genls. Kemp en Bezuidenhout⁵¹ te zenden naar Genl. Manie Maritz.⁵² Cassie en ik kom ook onder die 600 man die gekies word met goede paarden, maar dit was vrywillig want zeide Genl. Kemp aan ons Jullie moet jullie klaar maak om zwaar te kry, en misschien sonder kos of water. Ons vertrek nog diezelfde middag in rigting van Schweizer Reneke⁵³ na ons een hartelike afscheiding geneem het van die andere burgers,

48. Dr. H. D. van Broekhuizen, geb. 17.6.1872, opleiding Stellenbosch en Utrecht, gedurende Tweede Vryheidsoorlog op kommando, gevang en uit die land verban; samel geld in vir die Boere in Europa en Amerika. Na die oorlog is hy predikant in Pretoria, van waar hy Beyers volg om as sy sekretaris en veldprediker op te tree; ook gevang en in die Fort, Johannesburg, opgesluit. Word 1925 parlamentslid en later Suid-Afrikaanse gesant in Den Haag.
49. Vleeskraal. „Die plaas is 'n paar uur noordwes van Schweizer-Reneke geleë” (Kemp, 281).
50. Kemp (285) gee 'n weergawe van sy toespraak soos hy dit later onthou het: „Ek het duisend gevra en kry maar seshonderd . . . daar was agt karre.” Genl. Kemp gee vervolgens 'n hele uiteensetting van hoe hy sy mag georganiseer het. Hoof van sy staf was kapt. C. Nieuwenhuizen, sy sekretaris J. C. Bodenstein en sy adjutant S. P. R. Smit. As veggeneraal is aangestel A. P. J. Bezuidenhout met Koos Bezuidenhout as sy sekretaris en J. Visser as sy adjutant. Van die Lichtenburgers was daar twee kommandantskappe: die Suide onder kommandant Jan van der Merwe met as veldkornette W. Smit, W. Lubbe, T. Fouche, D. Roux, P. Boshoff, J. C. Pretorius, C. P. Leach, J. L. van Heerden, B. Visser en C. Dreyer; die Weste onder kommandant D. van Vuuren met as veldkornette J. F. Cyfert, N. W. Deysel, F. Joubert, S. Kriel en Van Heerden. Dan was daar die Klerksdorp-kommando onder kommandant P. R. Kock met veldkornette R. Colyn en A. Gouws. Uit Wolmaransstad se distrik was daar ook twee kommando's, nl. die suid-oostelike kommando onder kommandant Danie Fleming met veldkornette G. du Plessis en G. C. Fleming en die noordelike kommando onder kommandant Jack Smith met veldkornette G. van Wyk, R. Fritz, G. Mills, De Koker en Coetzee. Om in rooikruis-behoefes te voorsien, het saamgegaan J. Botha met sy motorkar.
51. A. P. J. Bezuidenhout, geb. 5.3.1883 te Koloniesplaas, Potchefstroom. Hy was as luitenant-kolonel in bevel van die De la Rey Ruiters op Tempe, Bloemfontein, toe hy in 1914 saam met genl. Kemp uit die Aktiewe Burgermag getree en by die Rebelle aangesluit het. In 1924 verhuis hy na Vryburg waar hy op 4.11.1945 oorlede is. (Gegewens van sy seun, mnr. A. Bezuidenhout, Royal Oakstraat 63, Kensington, Johannesburg op 18.10.1965 verkry).
52. Salmon Gerhardus Maritz, geb. 26.7.1876 in Kimberley, sluit op negentienjarige leeftyd by die polisie van die Z.A.R. aan, verwerf groot roem tydens die Tweede Vryheidsoorlog as aanvoerder in Noordwes-Kaapland. Na die vrede is hy na die buiteland en keer kort voor 1910 terug. Word 1913 luitenant-kolonel in die Unie-verdedigingsmag en in die Noord-Kaap gestasioneer. Sluit aan by Rebelle en gaan oor na Duits Suidwes-Afrika. Na ineenstorting van die Rebelle, vertoef hy weer in die buiteland om eers in 1924 terug te keer en vir sy deelname aan die opstand tot gevangensraf gevonniss te word. Hy is egter spoedig in vryheid gestel toe die Nasionale Party aan bewind gekom het. Oorlede 20.12.1940.
53. Schweizer-Reneke, gestig in 1885 en genoem na kapt. Schweizer en veldk. Reneke wat in 'n Naturrelleoorlog gesneuwel het. Kemp (306) vertel dat hier nog 70 man onder kommandant Chris Mussmann aangesluit het en dat C. van Rooyen as gids bygekom het.

en sliepen die avond te Makouws Kop. C. Nieuwenhuizen word hier aangestel as Luit. en Jan v.d. Merwe⁵⁴ als Corperaal.

3de Dins. Ons trek Schwezer Reneke binnen en stak die vyfkleur op in het dorp.⁵⁵ Ons bly die heel dag daar en beslaan ons paarden, en koop wat ons noodig het vir die pad. Ons vertrek toe dit donker word, en trek die heele nag deur in die rigting van Kilarney.⁵⁶

4de Woens. Na ons een uur gerus het trek ons weer, sonder voedsel of water voor die paarden, en gaan die heele dag deur in een brandende zon tot die avond toe kom ons op Moricaan⁵⁷ by een winkel, hier kry ons goeie voer en water ver die⁵⁸ paarden. Na ons geet het trek ons weer, en gaan die nag over die spoor naby Vryburg.⁵⁹ Ons trek over die Gaapseberg⁶⁰ en gaan slaap boven op. Die pad over die berg is vreeslik sleg, dit is net klippe waar jy kyk en sleg voor ons paarden.

5de Dond. Ons trek vroeg weer en kom op Mooifontein.⁶¹ Hier is een pragtige gat met water, maar paarde voer is skaars, na ons een tydjie afgezaal het vertrek ons weer en kom op Spuitfontein op een plaats van Meneer van Zyl.⁶² Hier is volop water en Lucerne, ons slaap hier.

6de Vryd. Ons trek heel dag deur, dit begint reent maar ons trek voort en slaap die aant ook in reent, my perd die word ongelukkig kreupel, ik wonder hoe zal dit gaan met my, want die pad is nog ver.

Ik sien Ou Ziener (Oom Nicklaas van Rensburg) en hy zeg my dat hy een Rooi Kombers, en paarden met zaals kom oer die pad, hy sien een bloed plek, en sien een in een Vaal kombers leg.⁶⁵

54. I.v.m. C. Nieuwenhuizen en J. v.d. Merwe sien voetnoot 49.

55. Die vyfkleur was 'n saamgestelde vlag waarin die kleure van die Transvaalse en die Vrystaatse vlag verenig is. (Oost, 264). Kemp (334) vertel hoe die vlag in die bande van die vyand geval het.

56. Killarney is 'n plaas net oor die grens in Noord-Kaapland. Kemp (311) vertel dat hulle op 4 November om 7 nm. daar aangekom het en dat hulle van daar al langs die Droë Hartsrivier getrek het. Hy vertel ook dat kapt. Williams hier met 30 man aangesluit het en dat onder hom 'n verkennerkorps gestig is.

57. Moricaan. I. van Zyl skryf van Morakanie waar hulle op 5 November aangekom het.

58. Hier is 'n woord deurgehaal wat onleesbaar is.

59. Kemp (311) beweer dat hulle by Droë Hartz net onderkant Vryburg oor die spoor getrek het. I. van Zyl noem die plek „Dryhearts”.

60. Dit moet wees Kaapse Berg, soos dit beide deur Kemp (311) en Van Zyl geskryf word en ook op die landkaart voorkom.

61. Mooifontein — Kemp maak nie van die plaas en die water melding nie. Die plaas kom wel op landkaart Ku Q 1-1 (Vel 2722 Kuruman) voor.

62. Kemp noem die plaas *Buisfontein* waar hulle op 6 November aangekom het. Op die landkaarte kom wel in die een geval Buitfontein en in die ander Bultfontein direk oos van Mooifontein voor. P. L. Botha herinner hom die plaas as Spuitfontein en onthou die baie lusern wat hulle daar gekry het.

65. Daar is blykbaar heelwat verwarring oor die gesigte wat Niklaas van Rensburg gesien het weens die baie navertel daarvan, sodat dit moeilik is om te bepaal presies waar hy wat gesien het. So vertel genl. Maritz van 'n dergelike gesig wat hy blykbaar op later tydstip gesien het en wat in verband met 'n ander gebeurtenis gebring word. „Hy het soms snaakse dinge gesien wat ook net so uitgekom het. „Oom Klasië” het nie sy pad deur die rivier gesien nie, hy het egter gesien hoe die springbokke (Unie-troepe) vlug en die donkies (Rebelle) hulle jae. Hy sien egter ook 'n bloedvlek op die kombers. Dié dag het ons die Unie-troepe gejag en is een van komdt Schoeman se manne geskiet.” (Maritz, 73). Roets vertel ook van die gesigte wat Siener gesien het.

7de Sat. Ons trek van vroeg af en kom tot naby Kuruman.⁶⁶ Ik gaan ver die eerste keer op Brandwag, want ons is naby die vyand.

8ste Zon. Genl. Kemp stuur een spion, om deur pad te vraag maar die word geweiger, waarna ons begint te veg. Tot my leedwezen moet ik zeg dat hier Hotnots teen ons was, en uit Blokhuizen na ons geskiet het. Ons verloor in die geveg 3 gewond namelijk Veld. Moesman, Bezuidenhout en v.d. Merwe.⁶⁷ Na die vyand pad gee trek ons en kom op een Zendeling statie,⁶⁸ naby Kuruman. Hier is goede voer en water. Ons Generaals ontmoet die van die vyand, en ons neem Kuruman in bezit. Hulle gee onvoorwaardelik ower aan ons. Ons neem baya Henry Martini Gewere en patroone, en begraaft die gewere en patrone nadat ons genoeg geneem het.⁷⁰

9. Maan. Na ons die heele dag hier gerus het trek ons die aant weg en gaan ower de Rooie berge.⁷¹ Voer is baja skaars, en die zand is volop. Ons vang 19 van die vyand en ook 2 van die politie.

10 Dins. Ons is nou op pad na Langberg,⁷⁹ en gaan ower die lyn na Grikoland.⁸⁰ Dit is vreeslik zand en ons paarden begint nou achter te bly want daar is niks te vreet ver hulle. Ons kom die nag op een plaats genaamd Katoo⁸¹ en slaap daar nadat ons baya moeg is.

11. Woens. Ons trek maar nog op die vreeslike pad, en zaal een beetje af op "Fritz".⁸² Dit is vreeslik droog, en ons paarden blyven vinnig achter. Ons lei hulle en loop op e lang streep. Ons zelf het ook nie kos en kook kaboe mielies dit is al wat ons eet. Sommige mense die vlug weg na die berg. Ik koop by een meid een pot en ketel. Ons zaal af en kry ver die eerste keer van Schwezer Reneke 2 bekers mielies vir elke paard. Ons kry gelukkig schape en slag. Hulle zeg dit is Gamagara⁸³ waar ons nou is. Hier is een winkel, en ons kry ver die eerste maal één Handje tabak en een beker zuiker. Ons gaan vroeg na bed en rus lekker.

66. Kuruman is in 1821 as sendingstasie deur Moffat gestig; die dorp is in 1885 aangelê.

67. Kemp (312-315) en Scholtz (270) gee 'n beskrywing van die slag. Kemp noem net Mussmann wat ernstig en Bezuidenhout wat lig gewond is. P. L. Botha noem Bodensten en Bezuidenhout. I. van Zyl skryf: „ . . . gewond Moesman, Bezuidenhout, Kapt. v.d. Merwe en een paard dood”.

68. Kemp (316) beweer dat die sendingstasie 'n halfuur te perd noord van die dorp was.

70. P. L. Botha herinner hom hoe kaste ammunisie in 'n gat gegooi is.

71. Kemp maak geen melding van hierdie berge nie; I. van Zyl wel. P. L. Botha meen dat dit ook bekend is as Skeurberg. Op die landkaart kom slegs die naam Kuruman Heuwels voor maar of dit dieselfde is, is vir my nie duidelik nie.

79. Die Langberge is 'n reeks wat wes van die huidige Postmasburg van noord na suid loop.

80. Waarskynlik Grikwaland.

81. Katoo — geen vermelding daarvan deur Kemp nie. Op landkaart Vr. Q 19-14 kom die naam as *Kathu* voor. I. van Zyl skryf *Katoo*.

82. Kemp maak melding van *Ruts*. Die naam *Fritz* kom op landkaart Vr. Q 18-36 (Vel 2722 Kuruman) voor, geleë naby en noordoos van die huidige Sishen. I. van Zyl skryf van *Dingle* wat op moderne kaarte ook noordoos van Sishen voorkom.

83. Op die landkaart kom dit voor as Gamagara of Sishen Vallei, 'n sytak van die Kurumanrivier. (Vel 2722 Kuruman).

12. Dond.⁸⁴ Ons is nog hier en rus ver die eerste keer. Vandaag kry ons 1 gerf voer en 2 hande mielies voor elke 26 paarden. Ons eet vlys en Kaboo mielies.

Genl. Kemp stuur 10 man onder Macarty vooruit.⁸⁵ Toe die zon⁸⁶ onder gaan zaal ons op en trek, tot 1 uur die nag, en toe slaap ons ver 2 uur, maar ons pere bly opgezaal, ons trek toe weer en zaal af toe die zon opgaan. Terwyl ons spionne die nag voor ons trek word hullie onverwags op geskiet, met die gevolg dat een van ons mense Cornelius Coenrad Coetzer⁸⁷ deur die kop dood geskiet word. Hy het maar vermiddag by die spion koor aangesluit en was een flukse man. Toe ik hem die ochtend zien toe leg hy in een vaal kombers net zooals ou Ziener ons gezeg het. Tot zoover wou ons nog nie skiet maar die boere is nou kwaad en zal Cornelius wreek. Na ons een uur afgezaal het trek ons en⁸⁸ kom op een plaats Dekeping⁸⁹ om 10 uur die ochtend van die

13. Vry. Begrafenis van C. Coetzer. Gebed door Genl. Kemp, die ons liet zingen. Zalig hy die in dit leven (enz.) Genl. Kemp lees uit Job 14 en neem zy teks O mens skik u om uwen God te ontmoeten. Na een erstige (sic) woord tot ons gerigt te hebben legde wy Cornelius in het graf, de dragers waren als volgt. Cop. T. Venter, Roussouw, le Roux, Swarz, Liebenberg, Van Zyl & Esterhuizen, almaal spionne. Terwyl ons op die plaats "Smythe"⁹⁰ was en daar jonge dames was, zong hullie Cornelius toe "Veilig in Jezus armen". Na deze sprak ook Oom Martins van Rensburg en Van den Berg tot ons.⁹¹ Genl. Bezuidenhout doet een Dank gebed en ons zing gezang 182 die laatste vers. Hy word in een vaal kombers begrave.

Om 4 uur zaal ons op en trek, omtrent 150 man van die vyand, ons denk dit is van Van Zyl ze Kommando val ons aan.⁹² Maar naar een kort geveg vlug hullie, ons verloor gelukkig niets; die geveg vind plaats op Mamakodi.⁹³ Ons trek by Mount Temple over Langberg, trek heel nag

84. Hier is 'n woord deurgehaal wat onleesbaar is.

85. Kemp (320) skryf dat hy „Flip McCarthey” en ook Williams met 12 man vooruitgestuur het. I. van Zyl was blykbaar een van die verkenners wat vooruit gestuur is. Hy skryf: „(Wit hoedbanden ontvang) ik van Dingle op pet(rollie) tot by van Zyl”. Die naam is blykbaar Macartney. Sien noot 101 hieronder.

86. Eers *zonder* geskryf en toe is die laaste lettergreep deurgehaal.

87. By Kemp (320) is dit *Cornelis Coertze*; by I. van Zyl *Koertze*. Kemp meld ook dat dit voorheen „met groot juistheid deur oom Niklaas van Rensburg . . . bepaal is.”

88. Hier is 'n woord deurgehaal, onleesbaar.

89. By Kemp (320) is dit *De Klipping*; by I. van Zyl *Keepings*. Op die landkaart Vr. Q 16-23 (Vel 2722 Kuruman) kom dit voor as *Dikeping*.

90. Volgens landkaart Vr. Q 17-14 (Vel 2722 Kuruman) is Smythe tussen Fritz en Dikeping geleë.

91. Volgens P. L. Botha was Martiens van Rensburg van Lichtenburg en Van den Berg van Schaapplaats, Lichtenburg.

92. Volgens Kemp (317) was kommandant van Zyl gedurende die Anglo Boereoorlog 'n Kaapse Rebel. Scholtz (272) skryf van „Kol. van Zyl”.

93. Mamakodi. Kemp meld wel die geveg maar nie die naam van die plek nie. Op landkaart Vr. Q 17-24 (Vel 2822 Postmasburg) kom dit voor as *Mamaghodi*. Volgens P. L. Botha was dit 'n Naturellestad.

zonder rus, slaap 1 uur met paarden opgezaelt.⁹⁴ Ons is baya vaak want dit is die tweede nag en ons het nie vandaag geslaap. Die vyand achtervolg ons die nag maar word lelik stukkend geskiet deur ons brandwag die hullie tot naby laat kom het.

14. Zat. Ons zaal zop (sic) op af tussen die bosse, en eet vly en koffie. Ons zaal weer dadelik op en trek. Dit is die zwaarste dag die ons nog ooit gehad het. Die pad is alles zand en ons loop en is vreeslik moeg en dors. Cornelus Beukes (my maat) en ik was heelemaal agter, en daar kom een te paard by ons verby, ons sien een water zak en ons "handsop hem"; maar ongelukkig was die zak leeg. Die man was kwaad maar ons was ernstig want is (sic) was vreeslek dors. Ons loop maar nog vorentoe, maar ach hoe bitter in die warme zon en zand zonder water. Toe ons amper wou gaan le want ons kon nie meer kom Johannes Labuschagne⁹⁵ van voor af met een zak vol water naar ons en gee ons dit. Ach hoe heerlik was dit ik het gevoel of ik nie weer kon op hou. Baya dankie Hannis. Jy kon daarvoor zeker een V.C.⁹⁶ gekry het. Toe die zon onder gaan kom⁹⁷ ons op "Taungs"⁹⁸ by een plaas van Meneer J. J. Jacobs. Ons pere is almaal flauw en die boere is moeg. Ons was amper te moeg om te eet en gaan slaap.

On Ziener sien die Springbokke (vyand) is in ons pad maar hullie ooge is swart en hullie gaan weg.

15. Zon. Die Kommando is al vroeg weg naar Witzand ons is nog e 20 man en ry om 11 uur achterna. Om 1 uur zaal ons weer af en Oom Martins Rensburg die hou ver ons Godsdienst. Om 4 uur ry ons verder en kom op Witzand toe die zon ondergaan.⁹⁹

Hier is vreeslik zand, om water te kry moet jy een gat maak in die zand, dan loop dit vol, en zoo moes ons, ons pere ook water gee. Ons het baya honger maar moet maar zoo gaan slaap, gelukkig in die zachte zand.

16. Maan. Ik word wakker met e swaar verkoude, en voel maar net siek. Ons eet en was net klaar toe berig word dat die vyand aankome is. Ons neem posisie in, in die zand duine. Die vyand val ons aan om 9 uur. Hier word vir e paar uur hard geveg, en ons ja hullie die veld in, na

94. Vir 'n beskrywing van die oortog oor die nek van die Langberg by Mount Tempel sien Kemp (321-322). Op die landkaart (Vel 2822 Postmasburg) is dit reg wes van Mamaghodi geleë. Daar is ook 'n plaas met die naam. I. van Zyl skryf: „Zat. door Lang B. (naam Montempel) by fontein”.

95. Johannes Labuschagne het by mev. Cassie Groenewald se moeder naby Vermaasstasie gewoon. P. L. Botha het hom geken.

96. V.C. — Victoria Cross.

97. Hier eers op geskryf en toe deurgehaal.

98. Taungs. Kemp (322) noem ook die plek en meld dat van hier wes van die Langberg na die Oranjerivier getrek is. Op landkaart Hay Q 3-23 (Vel 2822 Postmasburg) kom die naam *Xoung* voor.

99. Witzand. Kemp (322-323) gee 'n beskrywing van die dors op hierdie deel van die tog. Die hele kommando was feitlik al voetgangers. Van Witsand skryf hy: „Dis 'n kaal sandvlakte, westelik van die Langberg en 'n agt uur te perd van Kheis . . . Die groot wit kol tussen die bosse en doringbome is moontlik 'n uur of wat te perd in die omtrek. En dit lê so hoog dat die blinbende skyf op 'n groot afstand sigbaar is.” (325).

hullie e heele paar mense verloor het, want op sommige plekke het ons binne e honderd tree van mekaar uit die duine gekom, daarom ook dat die wat geskiet was meeste kop skote het en ook dood. Ons verloor vier man dood en één gewond name als volg. Veld. Petrus Marx (onder R. oog), Willem Steyn (op Kakebeen), Danie Retief (onder Linker oog) en Du Plessis (deur die nierie (sic) en knie).¹⁰⁰ Ons neem e tamelike klompie perde en gewears af. Omtrent 2 uur kom ons terug van die posisie en kom eet die baie goed gesmaak het. Kort voor zononder gaan ons die 4 lyke begraaf. Genl. Kemp hou die lyksrede en praat baie aandoenlik. Ons veldkortnetschap gaan uit vir Brandwag en die ander gaan slaap bo op die koppie nog by Witzand.

17. Dins. Voor zon op hou Oom Marthins van Rensburg ver ons Godsdienst, en hy Cassie en Cornelius Beukes die gaan ver ons perde soek, maar hullie kry ongelukkig niks. Hier besluit Genl. Kemp om een patrolie van e paar manschappe vooruit te stuur naar Genl. Maritz onder McCartnie en Ferere.¹⁰¹ Hullie word dan ook gekies en vertrek dadelik. Ons wens hulle goede reis toe. Na ons goed geeet het van pap, vlys en koffie vertrek ons om 4 uur naar Groot Rivier.¹⁰² Johannes en ik ry op Donkeys. die boere plaag ons baie maar dit is niks, want dit is beter als om te loop. Die Donkeys is maar klein so dat ons voete¹⁰³ amper op die grond sleep. Ons ry tot zon onder en toe hou Oom Willem Boshoff vir ons Godsdienst. Zy teks is. Zeg tot de Kinderen Israels dat zy voortreкке naar de Jordaan en Roode see.¹⁰⁴ En wys ons daarop dat die Heer ook ver ons een Wolkkolom en Vuurkolom zal wees.

Hy se ons moet ook ons zonde begraaf, en die Heer aanrøep. dan zal die Heere ook môre daar aan Groot Rivier ver ons wondere doen. zooals hy aan Israel gedaan het. Na ons Gez. 33 vers 1 gezing het doet Genl. Kemp een gebed. Genl. Kemp sprak toe die Kommando toe en vertel ons dat hy weet ons zwaar gehad het, maar dit is nog maar één kwart wat ons zal moet deurgaan. Maar die Heer zal ons ook verder help ons moet op hem vertrouw en als ons môre daar by die Rivier kom, moet

100. Kemp (327-328) gee 'n beskrywing van die geveg. Volgens hom het eers W. Steyn en W. Retief geval (hy gee die wit bande om hulle hoede die skuld) en teen die einde ook veldkornet Marx en P. J. du Plessis, seun van veldkornet du Plessis. P. L. Botha vertel dat Steyn en Retief familie van mekaar was en langs mekaar begrawe is. I. van Zyl skryf: „Gesneuweld V. K. Marx, Schweizer Reneke, Tvl., Gert du Plessis, Driefontein, W.M. Stad, W. Stein, Platvei, Lichtenburg Dist., Retief. Gewond Danie Leroux”.
101. Hier stem die verhaal nie heeltemal met dié van Kemp ooreen nie. Volgens Kemp het hy, omdat hy van Macartney, wat hy reeds voorheen uitgestuur het (vgl. noot 85 hierbo), niks verneem het nie, toe kaptein P. Ferreira met 'n dosyn man gestuur het met 'n rapport vir genl. Maritz (328). Kemp beweer later dat Macartney reeds op hierdie tydstip deur die vyand gevang was en dat Ferreira later deur Bouwer gevang is (335).
102. By Kemp (329) lui dit: „Op die late namiddag van die 17e word die woestyntog hervat.” Hy vertel dat veldkornet B. Visser met 17 man agter gebly het en genoodsaak was om later oor te gee.
103. Eers bene geskryf, toe deurgehaal.
104. Volgens Kemp (329) het hy self eers die burgers toegesprek en toe „ouderling W. Boshoff” laat voorgaan en volgens hom was sy teks „Reinig uw handen en zuivert uw harten, want God zal morgen wonderen aan u doen”.

elke een zy plig¹⁰⁵ doen en dan sal ons die vyand verslaan. Ons begint toe weer trek nadat ons gezing het. Kom Treen wy dan gemoedig voort¹⁰⁶ enz.

Ons trek die heel nag deur sonder slaap, ach dit was e bitter nag. die zon kom op en dit is

18. Woens. Ons trek nog altoos zonder afzaal, dit word 9 uur en ons het nog niks ge eet en is vreeslik honger daar ons nou al trek van gister om 4 uur. Dit is 2 uur en ons ry nog. Om 5 uur kom ons op "Thys"¹⁰⁷ by die Groot Rivier. maar o wee, die Engelse is daar. Ons is nou al 25 uur zonder kos of water, en ik kan nie se hou (sic) voel ons, daar is nie woorde voor. Maar dit is seker nie een van ons zal seker ooit die dag en nag vergeet. Wonderlik die Engelse slaap almaal want hullie het ook die nag getrek om ons te kom voor lê. Die geveg begint en naderhand vlug die vyand tot oor die Rivier. Ons moes gaan water haal onder die kogels, maar dit help niks, lievers dood maar ons moet drink. Johannes en ik is by mekaar want ons moes loop, ons ander maats is weg ons weet nie waar hullie is. Ons kry elk een drie kouwtyjes vlys en een koppie koffie present, ag hoe lekker smaak dit. Toe dit donker word toe kry ons weer ons maats. Hier het baie van die vyand geval ons het naderhand gehoor 47. Van ons is 1 dood. Erasmus. en 2 gewond. Velk. R. Colyn¹⁰⁸ en C. Dreyer.¹⁰⁹ Dis al baie laat en ons is vreeslik moeg en gaan slaap. dit is op een plaats genaamd "Tasbi" dist. Keys.¹¹⁰

19. Dond. Johannes en ik stap heel dag en jaag die perde aan. Die zon is vreeslik warm en ons loop in die zand. Omtrent 5 uur laat ons ons perde Frank en Sidon los. by die rivier waar hullie kan drink. Arme diere hullie kon nie meer loop. Nou ja ons is baie jammer want hullie was goed¹¹¹ en getrouw, maar die wereld is ook ver hullie te zwaar gewond. Ons loop tot 10 uur die nag en gaan slaap zonder kos en water en is baie moeg. Cassie kom by ons voor ons gaan slaap hy was onder dit wat moes die vyand die dag deur terug geskiet het, zoolang als ons trek.

20. Vry. Ons begint voor zonop loop, zonder kos of water en om 10 uur kom ons weer by die Rivier. Ach hoe heerlik smaak die vuil swart water. Ons wasch ons lyf en voel toe weer lekker en fris. Ons

105. Eers *beste* geskryf en toe deurgehaal.

106. Gesang 20 vers 9.

107. Op landkaart Hay Q 22-18 (2822 Postmasburg) kom die naam voor as *Kheis*. Kemp (331) skryf ook: „Om twee-uur die middag bereik ons *Kheis*, maar 'n rukkie voor ons het Royston met die 'Natal Horse' daar aangekom”.

108. *Veldk. R.* is later in potlood bygeskryf.

109. Volgens Kemp (334) het „burger G. R. Erasmus” gesneuwel en is veldkornet Colyn van Klerksdorp in die bors gewond en veldkornet C. Dreyer van Lichtenburg in die oog.” Hy gee 'n beskrywing van die geveg en meld dat Royston sy verliese as vyf gesneuwel en elf gewond opgegee het. Volgens P. L. Botha was Colyn van Koloniesplaas en Dreyer van Rietfontein, Lichtenburg. I. van Zyl meld net van Colyn en Erasmus.

110. *Tasbi* — die naam kom nie op 'n landkaart voor nie en word ook deur niemand anders genoem nie.

111. Eers *goede* geskryf en toe is die *e* deurgehaal.

kry elkeen e klein stukkie vlys om te eet, maar ons is tevrede want ons het lelik hunger. Ons maak maar e groot blik koffie want dit is al wat ons nog het. Cassie sê als hy weer e mielie kop sien, dan haal hy zy hoed in eerbied af. ons dink nou almaal hoe lekker zal mieliepap smaak. Casse se perd die eet Wilger Blaare die ons van die boome af pluk, arme dier daar is niks anders te vreet. Voor zon onder kry ons e bok en slag die. ons eet goed en drink veel. Ons begin weer trek, die pad is zwaar vreeslik zand tot 12 uur die nag en gaan slaap.

21. Sat. Voor zon op begint ons weer trek, en kom op een plaast van Steyn.¹¹² Wilgerdrift.¹¹³ Hier was ik een van die eerste en was gelukkig om een beetje Boer meel te koop. Toe ons wou gaan water drink by die Rivier toe skiet die Engelse op ons. Ons kry order om terug te trek, en Genl. Kemp zeg ons hou dat ons moet storm. Ons doen dit met goed gevolg op een plaast Zwartkop.¹¹⁴ Eén van ons burgers word in die been gewond. Hullie ambulance is tamelik bezig op die ander kant van die Rivier. Omtrent 3 uur is die geveg oor en ons zaal af en maak kos. Zononder na Oom Gert van Wyk ver ons Godsdienst gehou het trek ons weer en om 10 uur zaal ons af en slaap.

22. Zon. Ons word wakker geskiet, ons brandwag het in aanraking gekom met een patrolie van die vyand en ons vang twee van hullie. Hullie zeg ons dat McCartnie en Ferere gevang is naby Upington.¹¹⁵ Ons trek omtrent 500 yds verder en zaal af want dit is Zondag. Ou Ziener ziet ons het een donker dag voor ons, maar ons weet nie wat dit is. Om 8 uur hou ons¹¹⁶ Godsdienst en Genl. Kemp bepaal een Dank zeggens dienst, die word gelei door Oom Boshoff, en hy praat over Gehoorzaamheid, en wys ons dat die trek van ons een Geloofszaak is, en als ons Geloof en gehoorzaam is zal die Heer ons ook help om daar te kom waar ons na toe gaan: Nadat Ou Ziener die dankgebed gedaan het, spreek Genl. Kemp weer die Kommando toe. Na zy aanspraak zaal die mense op en ons trek omtrent 2 myl tot by die water en gaan weer zoo een entje terug en zaal af.

Ons zien een groot Kommando anderkant van die Rivier en weet nie of dit vyand is of Genl. de Wet, en hoor ook naderhand e paar geweer skote.¹¹⁷

Om 4 uur word die weer vreeslik donker, en die stof begint vreeslik te waai, toe begint dit Haal. Ons is almaal pap nat gereent; maar ons begint weer te trek en om half 12 hou ons stil en gaan slaap.

112. Eers die woord op geskryf en toe deurgehaal.

113. Op die landkaart (Vel 2820 Upington) kom dit voor as Wilgenhoutsdrift, soos I van Zyl dit ook skryf. Die plek word nie deur Kemp genoem nie.

114. Zwartkop kom op die landkaart (Vel 2820 Upington) noord van Wilgenhoutsdrift voor. Dit word ook deur Kemp genoem (335).

115. Vgl. voetnoot 101 hierbo.

116. Die woord een of eers is hier deurgehaal.

117. Kemp (338) vertel dat hulle 'n geveg oorkant die rivier gehoor het en vir die oomblik gedink het dat genl. de Wet met 'n kommando daar aangekom het. Later het hy verneem dat dit regeringstroep was wat by vergissing op mekaar geskiet het.

23. Maan. Met dag breek blaas die fluit en ons moet maar weer begin te loop, dit doen ons tot 8 uur, toe ons weer halt om e stukkie vlys te braai. Cassie die kry e pyp vol tabak en ons rook weer almaal saam. Dit begint nou reent, en ons is sonder jas, die gevolg is ik word pap nat, en die wind die waai maar koud. Ons kom op e plaas "Diep Klip".¹¹⁸ hier kry ons maar skape om te slag, en ik koop e stukkie of lievers één koutje brood ver e 1/-. Cassie koop e handje vol mieliemeel en ons proe weer hoe smaak pap. Om 2 uur begin ons weer trek in die reent, tot zon onder, ons zaal toe af ver e half uur, maar nou is die kos klaar. Ons begin nou weer trek en hoe dit van nag zal gaan weet ons nie, maar die Engelse is vóór en ons moet om hullie trek, zonder hullie daarvan weet. Ons trek die heel nag aanmekaar zonder rus, en dit geluk ons om deur te kom zoodat hullie ons nie gewaar het.

24ste Dins. Met dagbreek zaal ons af tussen koppies en ons kry hier weer skape om te slag. Ons het van gister avond 21 myl af gestap. Ons is nog altoos zonder water van gister af. Om drie uur begint ons weer trek, en loop¹¹⁹ tot 10 uur die nog. nog zonder water. Die mense kan nie meer verder van dors. Cassie en ik drink brandewyn wat op kanfer was van dors dit is vreeslik sterk en ons drink ons medicyn nou op die Cassie ze vrouwtje aan hem gegee het. Genl. Kemp die kom die mense te hulp, hy tap die water uit sy moterkar se engine,¹²⁰ en elk een kry één slukkie water. Ach hoe heerlik, maar dit maak e mens maar net nog meer verlang naar water. Ik wil £5 vir één koppie vol betaal maar naderhand moes ons maar so gaan slaap. Ons word ook nog weer geroep ver brandwag te staan, maar Gen Kemp verskoon my tog a.u.b. ik het die nag nie my plig gedaan, ik het dadelik die volgende paar geroep, want die dors was te erg.

25ste Woens. Dagbreek en ons moet begin trek. Ag hoe zal ons tog die dag deur bring weer zonder water, of zal ons water kry. Ja lesery die hier lees, sal nooit kan denk wat die dag ver ons was. Maar almal jullie die saam was, ja jullie sal die dag nooit vergeet nie, want wie van ons het gedenk om daar deur te kom. Onthou jullie nog hoe ons klippies in ons mond gezet het om tog die dors te laat weg gaan en hoe dit nie wou help. Thys onthou jy nog dat jy gezeg het Jansie skryf in jou boek dat ik gaan dood van dors, en daar agter gebly het. O ja ou maat maar jy zal ook onthou hoe dat ons naderhand weer terug gegaan het na jullie toe met daardie ou vuil modder water maar wat jullie levens gered het.¹²¹

118. Op die landkaart, Gov. O (2820 Upington) kom die naam Diepklip noord van Zwartkop voor. Kemp (340) vertel van 'n digte mis op pad daarheen. I. van Zyl skryf dat hy op Diepklip sy perd, Bismark, by H. Liebenberg agter gelaat het.

119. Hier eers *die* geskryf en toe deurgehaal.

120. Volgens P. L. Botha, en soos hierbo reeds gemeld, het die motor nie aan genl. Kemp behoort nie maar aan eersgenoemde se broer, J. L. P. Botha. Die motor het op hierdie stadium nie meer op eie krag voortbeweeg nie maar is deur trekdiere voortgesleep.

121. Hierdie trek word ook deur Kemp (342-344) beskrywe.

Omtrent 10 uur toe kom ons op Rooidam,¹²² hier is e beetje water maar dit is vreeslik vuil, dit staan zulke bietjes in die beeste se spoore, maar ons drink dit ag hoe heerlik het dit gesmaak, nog nooit het ander water ver my lekkerder gesmaak nie, ons arme diere die kry niks, want daar is nie. Ons het nog nie klaar gedrink of hier kom die vyand aan.

Ons moet posisie in neem, met die gevolg dat die engelse vlug. Toe hullie weg was gaan ik naar een huis en daar koop ik my twee baaitje ze zakke vol boer meel ver 6/6. Cassie kry ook en nou zal ons tog weer kan lekker eet. Hier is ook een groot dam met water ons maak pap en slag vet skape en eet en drink amper te veel. Ons was nou 54 uur zonder water. Om 2 uur begint ons trek, maar die laatste mense was nog nie weg of hier is die Engelse e groot klomp, zoals ons naderhand verneem het zes duisend, met twee kannone. Ons trek dadelik die duine in en een geveg begint die aan hou tot zon onder. Toe ons die duine ingaan kom Genl. Bezuidenhout by ons en order ons om vorentoe te gaan, ons doen dit. Cornelius Beukes en ik word gezit om die perde om (sic) te pas.

Cassie hullie gaan lê bo op een duin en maak daar gaate, ons loop met die perde die duin af, maar loop op die vyand af die ons vreeslik skiet, ons kruip weg agter e bossie, maar hullie skiet die gras bokant ons kop af, dat jy zal denk dit is rysmiere wat die gras zoo afvreet. Cassie hullie word ook lelik geskiet van drie kante af, zoodat hullie net moes stil leg.

Zoo hou dit aan tot donker, en toe bedaar dit. Ek gaan stilletjes om naar Cassie te zoek en vind uit dat hullie al weg is. Nou begint ons loop, terug naar die lager, en ontmoet nog twee maats. De Jageraen Stopford.

Met ons vier stap ons nou al op die spoore. Ons kom naderhand waar die Kamp gestaan het maar ons mense het al getrek. Ik wil nou eers vertel hoe die lager daar uit gekom het want hullie was omsingel van die vyand. Toe dit begint donker word toe kom Ou Siener naar Genl. Kemp en hy sê toe aan hem, Generaal ons moet trek ik zien ons pad gaan hier reg uit na daardie ster, en zeg toe dat ons nie zal die vyand ontmoet. Genl Kemp gee toe dadelik order dat die mense moet hullie gewears laai en vier vier langs mekaar loop en elke een word toe duidelik gezeg wat hy moet doen. Zoo het hullie toe begin loop. Geen een mag praat of rook. Al verder en al verder, tot hullie in die donker op een pan water afloop.¹²³ Hier vang hullie 3 van die vyand, en snaaks. Cassie kry order om hullie op te pas want hullie moet zaam gaan. Ik zeg snaaks want hullie behoort toe aan die I.L.H.¹²⁴ van Roodepoort, en vroeger het Cassie en ik zaam met hullie daaraan behoort onder één officier. Ons ken hullie

122. Rooidam kom nie op die landkaart voor nie, wel *Rooipan* maar dis vir my nie duidelik of dit dieselfde plek is nie.

123. Verskeie persone vertel van Siener van Rensburg se aandeel aan die ontsnapping by Rooidam, o.a. P. L. Botha. Kemp gee 'n goeie beskrywing van die geveg (346 e.v.).

124. I.L.H. — Imperial Light Horse. Volgens Kemp (351) het hulle hier 15 man gevang.

dus goed, en hullie vertel toe ook aan Cassie welke¹²⁵ ander maats van Roodepoort ook daar by hullie is.

Toe dit begint lig word toe word hullie 3 gelos, om weer terug te gaan en Cassie het nog met hullie gelaat weet aan ons maats dat hullie nie moes te goed skiet want ons is ook tussen die Rebelle. Om terug te kom tot ons 4. Toe ons nou daar kom en sien dat die lager al weg was toe maak ons planne wat zal ons maak. Maar besluit dat ons nie zal gaan oorgee maar dat ons maar die spore zal volg tot hullie ons vang of tot ons weer by ons mense kom. Ons het elkeen e perd wat ons lei, ik het gelukkig Cassie ze perd. (Ou Kok) Tussen haakies. Die ou perd is in Duitswest verkoop aan die Duitsers en na die Rebellie koop Cassie weer die perd op Lichtenburg by een Jood. En Gen. Kemp het hem ook weer gery toe hy zy eerste Vergadering op Korannafontein kom hou het na hy amnestie gekry het.¹²⁶ En Ou Kok is vandag nou by Cassie, waar hy genade brood kry, op zy ou dage, die ou is net vreeslik skrikkerig. Nou ja, ons begint toe loop al op die spore en ons lei die perde. Ons kom ook by die pan met water, en terwyl ons drink, hoor ons die vyand duidelik praat zoo naby was ons aan hullie. Ons maak maar gouv ons zakke vol water en loop maar weer. Zou het ons al verder en verder geloop tot ons naderhand nie meer die Vyand ze Kamp ligte kon sien. Toe die maan onder gaan toe gaan ons slaap,¹²⁷ tussen die klippe maar ons was baie moeg en het maar gouv geslaap. Ik het vergeet om te zeg, met die geveg op Rooidam het ons 3 man verloor,¹²⁸ dood. Louwtje Venter van Noodshulp en Flip Smit van,¹²⁹ Tjaard Benadi, gewond A. Gouws (Kapt. H. Williams)¹³⁰ ook het die Engelse 52 man gevang van ons, waaronder twee van ons maats. Thys Kritzinger en Gert Coetzer.¹³¹ Van hullie is daar baie geval, ik het dit van een van my maats dat daar 39 geval het.

26ste Dond. Nog voor dagbreek staan ons 4 op en begint maar weer loop, omtrent 8 uur kom ons weer in duine toe maar weer verder, en om 12 uur kom ons by die Kommando op Steenkamput¹³² en ik ontmoet weer

125. Hier is 'n woord of 'n gedeelte van 'n woord deurgehaal.

126. Hier is eers uit die tronk gekom het geskryf maar dis toe deurgestreep en amnestie gekry het in potlood daarbo geskryf. Kemp (416) skryf dat hy op 22 Nov. 1916 uit die Fort ontslaan is en dat hy in 1917 saam met Roos politieke vergaderings in Wes-Transvaal gehou het.

127. Hier is die woord *oerog* deurgehaal.

128. Hier het eers 2 gestaan; dit is deurgehaal en 3 met potlood daaroor heen geskryf.

129. Na van is die woord *Geluk* geskryf maar toe weer in potlood deurgehaal.

130. Die woorde *Tjaard Benadi gewond A. Gouws (Kapt. H. Williams)* is in potlood bygeskryf. Hierop volg 'n onleesbare woord ook in potlood, waarskynlik 'n pleknaam, moontlik *Steenkamput*. Kemp (347) noem die volgende gesneuweldes: Flip Smit, T. Benadie en ook Alex C. Fleming, en een gewonde, *Veldk. Gouws*. I. van Zyl skryf: „Ik gewond (ik en W.) V. C. Gouws . . . geval T. Bernardie, Kafferkraal, Potchefstroom, Phillip Smith, Middelbult, dist. Lichtenburg”. Volgens P. L. Botha was Louw Venter van Hartsrivier en Smit van Bospoort, Lichtenburg.

131. Volgens Kemp (353) is 122 van sy manskappe by Rooidam en omgewing gevang. I. van Zyl meld: „aghtergebleven kommandts. Smith, Kock, van der Merwe en V. C. Boschman die ons weer te Nakop ontmoete”.

132. Na *duine* volg die volgende deurgehaalde woorde: *en hier het ons net gouv kosgemaak en*. Op die landkaart B 1360/1892 (2820 Upington) kom *Steenkamputs* wes van Diepklip voor,

my maats Cassie, Johannes en Frank. Ons is bly want ons het gedenk dat ons nie weer mekaar zou sien. Cassie vertel my toe dat toe hullie daar gekom het toe word op hullie geskiet uit die ou kraal. Maar hullie vlug, en toe zeg Ou Siener dat hy sien dit is nie vyand maar vriende van ons, en hy sien ook dat daar een kom op e wit perd na ons. Toe hullie vlug toe ry ons Kaptein na die huis en daar vind hy uit dat dit Duitsers is. O wat e vreugde was dit nie hullie stuur toe een met e wit vlag, en waarlik daar kom die Duitsers terug, die voorste een ry op een Wit perd. Toe hullie by die Kommando kom, toe skree dit net Hurrah van al die Kante. Dit was toe Duitse Boere wat van Nacob gekom het en hullie was 25 man.¹³³ Ons het nog nooit vandaag geeet, en al wat ons had is 'n (sic) paar hande vol boone. Ons sit dit op die vuur en voor dat dit nog kon kook toe kom die Engelse weer aan. Ons trek of lievers hardloop toe na een rand wat omtrent 1½ myl daarvandaan was en daar vat ons posisie. Onderwyl die Engelse aankom, kook ons weer die pot met boone, maar ons moes hullie maar eet toe hullie goed uitgeswel was. Die Engelse kom al nader, en ons laat hullie kom tot omtrent 1000 tree en toe begint ons skiet op hullie. Hullie stop toe dadeik en begint om ons trek, met die gevolg dat ons moes pad gee. Die Kommando trek toe vinnig voort maar ons drie Cassie Hannis en ik bly agter, Hannis en ik die hardloop langs Cassie en hou aan die stebeels vas want ons het nie perde.¹³⁴ Toe Oom Martins van Rensburg sien dat ons agter bly toe kom hy terug en skiet die engelse terug sodat ons weer onderwyl kan aanstap,¹³⁵ naderhand sien ons 'n koppie en daar het ons weg gekruip tot dat dit donker was.

Toe stap ons weer aan met die pad. Omtrent 10 of 11 uur toe kry ons Oom Martins van Rensburg¹³⁶ met drie perde wat weer terug gekom het om ons te kom soek. Ons was toe besig om 'n bietje pap te maak wat Cassie nog gehad het. Toe kom daar mense te paard aan. Dit was die Duitsers se brandwag. Hullie sê ons toe dat die Engelse terug getrek het maar ons moet aankom so dra ons klaar geeet het. Een van hullie gee my toe 'n perd en hy klim agterop by sy maat want hy sien toe hoe my voete lyk van al die loop. Hoe lekker tog om weer te ry ons kom toe op Grondneus¹³⁷ waar die Duitse Kämp was, maar ons mense was al reeds verder, en ons gaan maar agterna en ons kry hullie teen die oggend in 'n bos waar hullie afgesaal het, en was baie bly om tog weer 'n beetji te kan rus. Hier het ons gesien dat die perde die stam van die boome afvreet.

72ste Vrydag. Die Engelse is weer vroeg op ons en ons moes maar lelik spartel want hullie wil ons omsingel, maar so lang als sommige die

133. Kemp (354) vertel ook van hierdie eerste aanraking met die Duitsers. I. van Zyl skryf: „Op de plaats Geluk ontmoeting met de Duitse Boeren. weer gevlug. Kapt. Williams gew. die avond bij de Duitse Statie. 6 motorkarren achter ons.”

134. Hier volg die volgende deurgehaalde sinsnede: *Toe die Engelse te naby kom.*

135. Hier is die woord *onderwyl* deurgehaal.

136. Hier is die woord *weer* deurgehaal.

137. Grondneus kom op die landkaart, 3878/1908 (Vel 2820 Upington) noord-noord-wes van Steenkampsputs voor. Volgens P. L. Botha was hier 'n fontein.

Engelse terug skiet dan trek die ander aan pad lang na Nacob. So het dit die hele dag gegaan veg en vlug tot drie uur die middag. Toe laat hulle ons staan. Ons het gelukkig nie een verloor maar hulle het swaar gekry, op een plek waar ons hulle¹³⁸ voorgeleg het agter die duine en laat aankom het, het hulle 27 man verloor. Na hulle om gedraai het het ons naderhand afgesaal en lekker pap gemaak en geslaap.

28ste Saterdag. Vroeg toe die fluit blaas is ons op en begint maar weer trek, gelukkig het die Engelse ons laat staan en terug gegaan, dit was dan ook die laatste wat ons hulle gesien het. Die middag om drie uur toe kom ons op *Nakop* aan, en hier ontmoet ons Genl. Maritz wat met 'n klomp Duitse boere ons tegemoet gesnel het.¹³⁹ Hulle was baie goed vir ons en ons kry nou weer brood blikkies met vlys, ook rys koffie en suiker. Ons gaan kyk na die police stasie waar hulle die Engelse uit geskiet het, dit is vol gate. Na ons lekker geet het, gaan ons gerus slaap want die Duitsers die staan wag.

29 Sondag. Ons het regtig vannag geslaap soos baie lank laas. Na ons geet het, hou oom Martins vir ons 'n Dankseggingsdiens. Ons kry cigarettes en Rum van die Duitsers ook suiker en haver vir ons perde. Om drie uur die middag hou ons weer Godsdien. Ons voel baie gelukkig om saam met die Duitsers te wees. Komd vd Merwe en Komdt Kok kom ook nou aangery van agter af en nog 8 man dit was al van 53 wat uit gekom het, die ander het die Engelse gevang.¹⁴⁰ Om 5 uur toe saal ons op en kom na een anderhalf uur by een dam met water, en saal toe daar af en slaap.

30ste Maandag. Genl. Maritz die spreek die mense toe. Hy vertel hoe die heele ding gekom het van die begin af. Die vertegenwoordiger van die Gouverneur¹⁴¹ die spreek ons ook toe, en zeg dat die Keizer gewillig is om ons met enig ding te help om ons onafhanklikheid terug te kry. Ons Kommandoos word van nuuts af georganiseer. Ik ontmoet vir Adam Boshoff hy is Kaptein by Genl. Maritz. Ons trek tot op Uitkyk¹⁴² en slaap in lekker gras.

138. Die woord *laat* is hier deurgehaal.

139. *Nakop* is net oor die grens van Suidwes-Afrika. Kemp (358) vertel dat hy Maritz op die plaas Warmvlei, net voor *Nakop* ontmoet het. Maritz (72) skryf van die ontmoeting: „Manne sowel as offisiere was in 'n akelige toestand. Sommige was tevoet, sonder skoene deur die warm sand. Die voetsole was deurgeloopt, elke stap was 'n bloedspeer. Die voete opgeswel en gebars, sodat die bloedsug daaruit getap het.”

140. Kemp (359-360) vertel van die lotgevalle van kommandante Van der Merwe en Kock en haal uit die dagboek van Kock aan. Volgens P. L. Botha was Kock ook van Lichtenburg. I. van Zyl noem kommandante Smith, Kock en van der Merwe en ook veldkornet Boschman (vgl. voetnoot 131). B. Musmann skryf weer „Kommandante Van Vuren Kock en Jack Smit het by Rooidam weggevlug en het by Grondneus weer by ons gekom.”

141. Verteenwoordiger van die goewerneur — waarskynlik is dit Von Zastrow van wie Kemp skryf (364).

142. Uitkyk het ek nie op 'n landkaart kon vind nie.

1 Dec. Dins. Ons trek met sonop en kom op Ariaam¹⁴³ dit is omtrent 600 myl van Klerksdorp(?). hier gaan ons staan. Cassie, John, Cornelius, Manie, Org, en ik gaan hier op die staff van Gen. Kemp. Gen. Kemp spreek hier die mense toe voordat hy vertrek om die Gouverneur te ontmoet. Hy vra ons toestemming om een Regeering te stig. Die Duitsers zal ons alles gee, en die Keizer ons onafhanklikheid. Die Nuwe Regeering bestaan uit Genls. Maritz, Kemp, Beyers, Bezuidenhout en De Wet.¹⁴⁴ Hullie sal meer by voeg so als hullie goed denk. Ons gaan slaap by die Staff waar ons vandaag aangesluit het, en ik kry gelukkig twee kombaarse.

2 Dec. Woens. Genls. Kemp, Bezuidenhout en Maritz vertrek om die Gouverneur Vrydag te ontmoet. Ons Staff vertrek om 4 uur naar Ukamaas.¹⁴⁵ Ons kry een vreeslike wind en reen op pad daarheen. Ons saal af na 1½ uur se ry, maar is pap nat en ons staan by die vuur. Dit reent die heele nag.

3 Dec. Donid. Ons saal op met son op en kom op Ukamaas aan om 9 uur. Dit is 'n mooi plek, mooi huise ook 'n hospitaal, ook draadloos Telegraaf. Ons kry weer vir Johannes hier ons maat. Ons kry hier hoede, skoene, en Baadjies. Ons eet ook Boermeel mieliemeel en rys deurmekaar. Ik kry hier ook 'n mooi geel paard. Perde voer is maar skaars en die kom nog aan. Die Staff vertrek na Nabos wat ons bereik na een uur.¹⁴⁶ Ons saal af, eet en slaap lekker.

4 Dec. Vrydag. Sonop ons drink cocoa saal op en ry na Nabos waar ons aankom¹⁴⁷ dit is 17 Kilometer. Hier is mooi water maar geen perde voer. Ons gaan verder nog 10 Kilometer en saal af by water, hier is mooi gras. Ons bak hier vetkoek en drink cocoa, ons slaap hier.

5 Dec. Sat. Cassie en ik gaan skiet, maar kry net 'n volstruis. Hier eet ons lekker aardappels en rys. Dit is die eerste kans wat ons kry om ons broeke, sokkies en hemp uit te was. Ons maak vandaag lekker kos en eet goed, ook pannekoek. Manie hou godsdiens en ons gaan slaap. Ik droom van Dotts dat ons gaan uitry.¹⁴⁸

6 Dec. Son. Ons eet Brekfast Binnegoed van 'n skaap fyn gesny. Johannes gaan saam om vir ons kos te gaan haal. Cassie en ik gaan op vee wag, van 10 tot 12. Dis vreeslik warm. Ons praat net van huis en ons verlang vreeslik want dit is Sondag ook daar by die huis. Ons gaan lekker bad en gaan slaap. Manie hou godsdiens.

7 Dec. Maan. Hier kom ander mense van die laager af met hullie perde, hullie is nog op Nabos. Ons het 'n lekker tyd eet net en slaap.

143. By Kemp (364) heet dit *Ariamsdam*. Op die landkaart kom dit voor as *Ariamsvlei* (wes van Nakop).

144. Kemp (365) noem dieselfde name met die byvoeging van kom. Kamfer en meld verder dat kaptein A. Boshoff as sekretaris en tesourier aangewys is.

145. Ukamas, ook Ugamas, kom op die kaart noord van Ariamsvlei voor.

146. Nabas staan op die kaart noord-noordwes van Ukamas. Kemp (369) skryf: „Nabas, tien myl noord van Ukamas”. In die dagboek van Jooste kom die naam eers as *Nabos* en later as *Nabas* voor.

147. Die woord *na* is hier deurgehaal.

148. Dotts — sy eggenote, mev. Jooste.

8 Dec. Dins. Alles stil Net die Duitsers het hier per ongeluk 2 kaste patrone aan brand laat raak. Ons kry elkeen 'n rybroek en kamaste.

9 Dec. Woens. Ons saal vroeg op en gaan na Nabos, om die Genls. te gaan groet. Ons kom weer terug want die water is sleg daar en maar min vuurmaak hout. Ons gaan staan weer op ons ou plek. John vd Byl kom ook met ons saam terug. Ik word gekies vir Kos Koperaal. Org Roussouw gaan na die Hospitaal, ons gaan slaap gerus en sonder wagte want die skape is in die kraal.

10 Dec. Dond. Ons het vandaag 'e lekker koel huis gemaak van takke. Ons eet vlys aardtappels en boone en drink tee. Ons Luitenant word Kaptein.

11 Dec. Vry. Ik was vandaag op perde wag, Ons ete was soep, erwte(?), lensies. Ook ingelegde Boone en Kool (alles blikke) Ons kry weer koffie wat ons brand en met 'n klip maal Frank Viljoen begint vandaag om te leer dril. Ons hoor dat Maj. Ben Bouwer en 12 man gevang is.¹⁴⁹ Ons kry order om enig tyd te vertrek na Skuitdrif.

12 Dec. Sat. Alles is stil Ons kry nuwe Mausers en patroon Bande.

13 Dec. Son. Ons kry order om na Nabas te gaan, waar ons 12 uur aankom. Ons saal weer op en kom op Ukamaas aan om 3 uur. dit is 27 Kilometer. Hier kry ons die uniform kompleet. Ons lyk nou net soos Duitsers. Ons saal weer op 4 uur en trek tot 11 uur in die rigting van Jerusalem;¹⁵⁰ ons ry die heele nag langs sand rivier tussen twee berge.

14 Dec Maan. Nog op die Pad na Jerusalem. Ons ry van 3 uur van ogend. Om 8 uur saal ons af en maak koffie. Gen. Kemp kom van agter af en gaan vooruit na Jerusalem. Ons verstaan dat ons Genl. Maritz gaan help om die vyand aan te val op Skuitdrift. Ons is vreeslik dors, want die water is alles sout. Ons saal af op Blydeverwacht.¹⁵¹ 1½ uur van Jerusalem kry ons tyding dat ons moet teug gaan daar die vyand vlug. Ons skreeu Hip Hip Hoerah en gaan terug na Blydeverwacht. Die Duitse predikant die hou vir ons Godsdien. Ons staan hier onder 'n pragtige druiwe laning, 'n pragtige plaas baie lemoen boome en Lucerne ook dadel boome met groot troste groen dadels.

15 Dec. Dins. Ons Kos is op maar ons verwag dit vandaag. Ons eet net beeste vlys. Ik is op paarde wag. Om 3 uur kom ons kos. Son onder hou ons 'n Bid uur gelei deur du Plessis om die leiding te vra van die Heer op die dag van morgen. Ons wil hier fees hou op wonderlike omstandighede, want ons is almal van ons huis af. na 'n pragtige Godsdien gaan ons slaap.

16 Dec. Dingsdag. Ons hou 'n vroe biduur of (sic) half vyf die word gelei deur Kom. van Wyk. Hy spreek oor 3 punte.

- 1) Ons moet erken dat ons die Gelofte nie gehou het en ons moet belydenis doen
- 2) Ons moet die Heer dank vir sy Goddelike liefde aan ons betoon.

149. Maj. Ben Bouwer was 'n regeringsoffisier wat genl. Kemp agtervolg het.

150. Jerusalem is suid van Ukamas aan die Gaiab of Geinabrivier.

151. Volgens die landkaart is Blydeverwacht 'n plaas direk noord van Jerusalem.

3) Ons moet die Heer smeek om ons te verlos, van ons eigen volk heen van ons heen. Daar word kragtige gebede opgestuur en Komt. Fleming sluit met gebed. Ons gaan toe Brekfast(?) en F. Viljoen die sluit by ons aan. Ik koop 'n Dixie nou sal dit beter gaan met kos. Genl Kemp die open die fees om 8 uur. Hy sê hy is bly om dit te kan doen, op so een dag, wat die voorvaders van ons aan die Heer beloof het 76 jaar gelede.

Hy sê ons moet ons verootmoedig en dank sê aan die Heer. Ons was vas gekeer deur 2000 vyand en God het ons uitgelei. Komdt. Fleming die hou die Fees rede. Hy sê hy dink terug aan Jacobus de le Rey en ons kan nie anders als met 'n David uitroep O! Sieraad hoe is ons held geval. daar in Johannesburg. Hy is daar vermoor, en is nie meer vandaag tussen ons.

Hy lees uit Richteren 6 vers 6. Toen roepen de Kinderen Israels tot den Heer. Hy sê Hulle was maar 'n Gideons bende. Maar die Heer was met hulle. Hy was ook met Andries Pretorius, en die Heer kan ook met ons wees, als ons net op God vertrou soos die mense, en hom dien. Andries Pretorius was nie 'n geleerde man, maar 'n godvreesende en daarom het die Heer hom gehoor en gehelp. Als ons ook so gehoorsaam is soos die Gideons Bende dan behoef ons geen oogenblik te twyfel. Die Heer sou eendag aan een ieder van ons vra of ons daardie belofte gehou het. Die-selwe God die ons hier in 'n vreemde land gebring het sal ons ook weer by die huis bring op sy tyd.

Ons sing van Ges. 12 vers 1 en Genl Kemp doen 'n slotgebed. Ons gaan eet en rus tot 3 uur. Toe was daar weer 'n Godsdien gelei deur Komdt. Fleming. Ons sing van Ps. 118-11 en lees Ps. 20 en 23. Hy praat oor Davids groote vlug. Hy moes vir sy seun vlug, en tog se hy Hy verkwik my siel Hy ly my in spoor van geregtigheid. Ons het ook moes vlug en het dors gekry, en was vas gekeer en wonderlik het die Heer ons uitgely tot nou toe.

Veld. Plessis het gepraat oor Vaderlands geskiedenis.

Luit. Nuwenhuizen het gepraat oor die Verbond want (sic) die volk met die Here gemaak het.

Komdt. Fleming praat oor die leiding van die Heer.

Genl. Kemp praat oor wat sal die dag van 16 Dec. 1914 teen ons getuigen.

Hy se ons kom van die edelste van die volke, van die Europeesche naties. Ons voorvaders het die wette gehou. Hulle het in 1838 begin te trek, omdat hulle nie onder die Engelse wou staan, want die was altoos hulle vyand. Die Monument¹⁵² is gemaak in 1881 ook om te getuie teen die Engelse onse vyand. Maar die Engelse het die klippe geneem en in Durban in die see gegooi. Ons is nie rebelle nie want ons doen wat ons voorvaders gedoen het om verlos te wees van die Engelse Juk; en ons sal nooit in der ewigheid met hulle kan maats maak, en als ons dit ooit sou doen, sal die Heer ons sekerlik straf. Pres. Kruger het gekabel dat

152. Bedoel word die Paardekraal-monument.

die Gees van eenheid altoos onder ons moes bly, maar God regeer en hy sal sy volk 'n groot volk maak. Hy sê ons moet getrou bly en nooit met die Engelse saam gaan of hulle vertrou.¹⁵³

Ons sing In dezen God sou ik niet eeren: en Komdt van Wyk die sluit met gebed.

Die aant kom ons weer by mekaar. Gen. Kemp stel voor dat¹⁵⁴ die Plaats heilig grond is, en ons voorvaders het 'n gelofde gedoen en ons gaan dieselfde doen hier in die vreemde land. Ons beloof om die dag te vier soals ons voorvaders.

Kop Smit praat oor die Brande Braam Bos.

Ons¹⁵⁵ hou 'n Bid uur en gaan toe slaap.

17 Dec. Om 3 uur in die môre saal ons op en kom op Jeruzalem net toe die son op gaan. die is 60 Kilometer van Nabas en 45 Kilometer van Ukamaas.

Persklaar gemaak en van inleiding en voetnote voorsien deur prof. F. J. du T. Spies.

153. Kemp skryf van die dag: „Op Blyde Verwachting was 250 burgers wat swak perde gehad het, en daar het ek die dag (16 Des.) met hulle deurgebring” (369-370).

154. Die woord *ons* hier deurgehaal.

155. Die woord *Toe* is hier deurgehaal.